

Donderdag 27 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 24:36-49; NGB Artikels 2-7

Fokusgedeelte: Lukas 24:45

Geloof kom nie uit die mens self nie

Nie minder nie as tien maal verskyn die Here Jesus aan sy dissipels ná die opstanding. Elkeen van hierdie verskynings is baie spesifiek en het 'n doel. Op hierdie eerste dag van die opstanding verskyn Jesus aan verskeie mense op verskillende tye. Reeds vroeg by die graf aan Maria, later aan 'n klompie vroue, aan Petrus. So ook later die aand aan die Emmausgangers.

As hierdie twee manne van Emmaus terugkom by die dissipels in Jerusalem, is daar steeds baie verwarring en onsekerheid oor presies wat aan die gang is. Niemand kan begryp wat dit regtig beteken dat Jesus opgestaan het uit die dood en so die dood oorwin het nie! Terwyl hulle hieroor praat, staan Jesus self in hulle midde. Hier is die persoon van ons Here self teenwoordig, en steeds is daar onsekerheid.

Al is daar feite op die tafel, gebeur dit steeds dat mense nie glo nie. Geloof is immers nie iets wat uit die mens self kom nie. Ons belydenis omskryf dit so deeglik in Artikels 2-7 van die NGB, in die wyse waarop die Heilige Gees werk in die harte van mense. Hoe die Heilige Gees selfs die blindes kan laat tas aan die werklikheid van die evangelie.

As die Here Jesus nie ons verstand open om die Skrif te verstaan nie, as die Heilige Gees nie self die skilfers van ons hart en gedagtes wegneem nie, sal ons altyd siende blind wees.

Die Heilige Gees is nie net die Outeur van die Heilige en Goddelike Skrif nie, maar is Self ook die Sleutel om die volheid daarvan te ontsluit.

Mag die Heilige Gees ook in u hart getuig van die waarheid van God se Woord.

Sing: Skrifbelyding 8-1:1, 2

Ds. LJE Venter (Lourens) (Centurion)